191. T. 7 (20)

# OPENING, SEWENDE KONGRES OOR LIGGAAMLIKE OPVOEDING

(Universiteit, Stellenbosch, 18 Desember 1957)

I Verwelkoming.

Sewende Kongres oor Liggaamlike Opvoeding.

Word weer op Stellenbosch gehou.

Ook reeds voorheen op Stellenbosch: 1945 en 1950.

Afgevaardigdes en ander belangstellendes kom uit alle dele van die land.

Namens die Universiteit word almal van harte verwelkom. Die Kongres bied die geleentheid vir hernuwing van ou kennisse, en ook van bespreking van gemeenskaplike vraagstukke. Ons vertrou dat dit baie vrugbaar sal wees.

II Iets oor die Vak.

[illegible] – object of teaching a child ...

Ou Grieke het in hulle opvoedingstelsel reeds 'n belangrike plek aan die ontwikkeling van die menslike liggaam gegee. Veral Atheners: vakke soos religieuse vorming, lees van gedigte en beoefening van musiek. Maar hulle ruim ook vername plek in vir gimnastiek.

Humaniste van die 15de eeu het geprobeer om die ou Griekse (Klassieke) ideaal te laat herlewe.

Daarna groot opvoeders soos Jean Jacques Rousseau en Pestalozzi (einde 18de en begin 19de eeu), wat strewe na 'n harmoniese opvoeding van gees, siel en liggaam.

Dan in 19de eeu het gimnastiek in baie Europese lande 'n verpligte skoolvak geword: Dene het dit reeds in 1828 ingevoer en aldus betekenisvolle leiding gegee.

III Suid-Afrika, en veral Stellenbosch

Ook in Suid-Afrika is waarde van liggaamlike opvoeding erken.

Op skole is dit ingevoer, en op Opleidingskolleges, Tegniese Kolleges en op Universiteite word jong mense in die vak opgelei.

Verskeie van ons Universiteite, t.w. die Potchefstroomse Universiteit, die Universiteit van die O.V.S. in Bloemfontein, die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Stellenbosch, het al uitnemende werk in verband met die opleiding van leerkragte gedoen.

Die Universiteit van Stellenbosch was die eerste Suid-Afrikaanse universiteit om 'n Departement van Liggaamlike Opvoeding te stig, en hy het met verloop van tyd 'n groot en sterk Departement opgebou.

Met groot waardering maak ek gewag van die goeie werk wat professor Craven as hoof van hierdie Departement gedoen het. Ek dink ook aan sy baanbrekende navorsingswerk in verband met die geskiedenis van ons sportsoorte. En, naas hom, ander dosente, soos dr. J.W. Postma, mnr. J.J. Kelder, mnr. J. van der Merwe en mev. H. Steinwender.

Die navorsingswerk van dr. Postma verdien gewis besonder vermelding. Sy ondersoekingswerk, waarby hy die waardevolle hulp van mnr. J.J. Berends gehad het, is grotendeels moontlik gemaak - naas die Universiteit - deur die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, van wie hy reeds meer as £2,600 daarvoor ontvang het. Hy het hom besonder verdienstelik gemaak deur sy ondersoekinge oor die bewegingstempo van sportmense, die meting van lenigheid, die evaluasie van verskillende stelsels van liggaamlike opvoeding, en die motoriese ontwikkeling van skoolkinders. Deur dit alles het hy waardevolle dienste aan die studente van die Universiteit van Stellenbosch gelewer, maar owerigens ook aan die jongmense van Suid-Afrika in die algemeen.

IV <u>Oor die Kongres</u>.

Indringende, deeglike samesprekings sal gevoer word.

Dr. Postma ......./3

Dr. Postma en verskeie vakmanne hier aanwesig, sal die voordeel van hulle bevindinge en kennis ook aan andere laat toekom.

Hieraan het ons 'n dringende behoefte want ons vurige begeerte is dat, deur die navorsing, studie en oorlegpleging van vakmanne, ons nog so ver sal kom dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse stelsel van liggaamlike opvoeding sal kry.

Ons kan ongetwyfeld baie van die buiteland leer; ons het dit ook al gedoen, en ons doen dit, met groot voordeel vir onsself, ook vandag nog. Maar ek is my nog altyd pynlik bewus van die gemis aan 'n egte Suid-Afrikaanse stelsel.

Dit moet 'n stelsel wees wat by ons toestande aanpas, wat ons jongmense aangryp en besiel en wat onder ons klimaat die beste resultate sal lewer.

Mag hierdie Kongres ons 'n stappie nader aan die bereiking van hierdie ideaal bring.

V Verklaar Kongres geopen.

*************************

IV. About the Congress.

~~Do not wish to conceal~~ — Oscar Wylde: Advice.

Keen and searching discussions will be held!

Dr. Postma and other specialists present at the Congress, will make available to all present the results and fruits of their researches and knowledge

We have a great need of this because we hope that, by research, study and consultation we shall be enabled to evolve a sound, typical South African system of of Physical Education.

We can learn a great deal from other countries; we have done this already, and we are doing this, with great benefit to ourselves, still to-day. But I do feel that we are in need of a system which will truly be a South African system.

We must have a system which will be adapted to our conditions, which will take hold of and inspire ~~our~~ young people and

which will give the very best results under our climatic conditions.
May this congress bring us a step nearer to the achievement of this ideal.

V Declare congress opened.

---